

WAT IS DIE BEGROTING?


Jaarliks, gedurende Februarie, kondig die Minister van Finansies die regering se spanderings-, belasting-, en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.



1. Boodskap van die minister
2. Vinniger ekonomiese herstel
3. Beskerm maatskaplike toelaes
4. Maatskaplike toelaes



1. Naskoolse onderwys en opleiding
2. Waar geld vandaan kom
3. Hoe sal die geld bestee word
4. Befondsing van munisipaliteite



1. Inkomstebelastingwysigings
2. Sondebelaasting
3. Belastingkoerse
4. Suikerbelasting



national treasury
Department:
National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Photo provided by GCIS

ONS BLY BY ONS VERBINTENIS OM DIE EKONOMIE OP DIE REGTE PAD TE PLAAS

Die regering sal in venootskap met die privaatsktor in infrastuktuurprojekte, ondernemerskap, vaardigheidsontwikkelingsprojekte en die onafhanklike kragprodusentprogram, wat kragvoorsiening sal laat toeneem, belê

Die 2016-Begroting bevestig die regering se verbintenis om die gaping tussen besteding en inkomste kleiner te maak en om 'n plan vir sterker ekonomiese groei te implementeer.

Dit gaan daaroor om by ons plande te bly ten spyte van toenemende uitdagende omstandighede. Die regering se oogmerk is om ondoeltreffende besteding uit te skakel en om uitgawes op nie-kritiese items te verminder, om dienslewering vol te hou en sterk openbare finansies te handhaaf.

Reeds vir 'n aantal jare was Suid-Afrika se ekonomiese groei nie sterk genoeg om indiensneming aan te moedig, belegging te bevorder en staatskuld te verminder nie. In die afgelope maande het die situasie verder agteruitgegaan terwyl verwagtinge vir groei verminder het, die rand gedepresieer en besigheids- en verbruikersvertroue gedaal het.

Economiese groei was 1.3 persent in 2015 en sal na verwagting na 0.9 persent in 2016 daal voordat dit na 1.7 persent in 2017 en 2.4 persent in 2018 toeneem.


Die lae ekonomiese groei lei tot laer belastinginkomste. Die gaping tussen staatsbesteding en inkomste staan op 4.2 persent van die BBP in 2015/16. Besteding het inkomste oortref want die regering het met diensleweringprogramme voortgegaan ten spyte van swak ekonomiese prestasie. In daardie periode het die skuld geleidelik toegeneem.

Oor die volgende drie jaar sal die regering die bestedingsplafon verlaag, belastinginkomstes verhoog, en die grootte van die werksmag van die regering bestuur, wat 'n groot bron van uitgawe is. Om dit te bereik sal die regering vergoedingsbegrotings verminder met R10 miljard in 2017/18 en

beskerm en kern maatskaplike en ekonomiese programme sal instand gehou word.

Die land benodig vinniger inklusiewe ekonomiese groei om sy ontwikkelingsdoelwitte te bereik en sy openbare finansies te verbeter. Hierdie soort groei is afhanklik van verhoogde vlakke van vertroue en belegging deur die privaatsktor. Dit sal bereik word deur verbeterde samewerking tussen die regering en die sakesektor. Die regering sal in venootskap met die privaatsktor in infrastuktuurprojekte, ondernemerskap, vaardigheidsontwikkelingsprojekte en die onafhanklike kragprodusentprogram, wat kragvoorsiening sal laat toeneem, belê

R15 miljard in 2018/19. 'n Addisionele R48 miljard in belastingsinkomste sal oor die volgende drie jaar verhoog word deur belasting aan te pas en belastinginvordering te verbeter. Alhoewel die bestedingsplafon verlaag word, sal dit steeds matig groei. Maatskaplike toelaes is



BOODSKAP VAN DIE MINISTER

Mede-Suid-Afrikaners, ons lê hierdie begroting voor aan die mense van Suid-Afrika, in erkenning dat ons verantwoording doen aan die publiek oor hoe ons hulle belasting en die geld wat onsleen bestee.

Hierdie Begroting kom op 'n tyd van verhoogde onsekerheid in die wêreld ekonomie; 'n tydperk wat gekenmerk word deur negatiewe beleggersentiment teenoor ontluikende markte. Hierdie wêreldwyeragtergrond en ons uitdagings wat elektrisiteitstekorte en droogte insluit, beteken dat 'n moeilike tydperk ons in die gesig staar. Ons ekonomie is nie inklusief of groei vinnig genoeg om betekenisvolle deelname deur alle Suid-Afrikaners te verseker nie.

'n Groeiende ekonomiese groei gee ons meer inkomste; ons leen minder, skep werkgeleenthede, nuwe geleenthede vir die jeug en stel ons in staat om nuwe tipe besighede te begin. Ons fokus is om saam met die sakesektor en arbeid te werk om die ekonomie te laat groei. Ons is verbind om die openbare finansies van Suid-Afrika te herstel na 'n gesonde toestand. Dit vereis dat ons moeilike besluite moet neem.

Ons as regering het dus besluit om ondoeltreffende besteding verder te sny, meer selfbeheersing aan die dag te lê en ook 'n paar projekte uit te stel. Maar ons sal nie 'n kompromis aangaan oor die besteding aan maatskaplike dienste vir die armes nie. Verdere toekennings aan hoër onderwys sal verseker dat meer studente uit arm agtergronde toegang tot universiteite sal hê. Dit is maar een voorbeeld van ons verbintenis tot die beskerming van maatskaplike besteding. Ons is 'n veerkrachtige nasie en ons uitdagings is nie onoorkombaar nie, as ons saam kan werk ■

MAATREËLS MET DIE OOG OP VINNIGER EKONOMIESE HERSTEL



Die regering is verbind tot die verhoging van groeikoerse oor die medium en lang termyn. Sukses sal afhang van die aktiewe ondersteuning van die sakesektor, arbeid en die burgerlike samelewing vir die Nasionale Ontwikkelingsplan.

Sleutel areas van ingryping sluit in:

- Fokus op elektrisiteitsvoorsiening:
Elektrisiteit was die grootste beperking op vinniger ekonomiese groei. Die regering fokus dus op maatreëls wat elektrisiteitsvoorsiening en die bou van infrastruktuur sal verhoog om beleggings aan te moedig en werk te skep. Oor die volgende 3 jaar, sal Eskom R157 miljard belê om elektrisiteitsopwekkingsvermoë uit te brei
- Die bou van infrastruktuur is noodsaaklik vir die aansporing van beleggings, werkskepping en die ontwikkeling van die regte omgewing vir die ekonomie om vinnig te groei. In ooreenstemming met die Nasionale Ontwikkelingsplan, prioritiseer die 2016- Begroting besteding aan infrastruktuur. Oor die volgende drie jaar, het die regering R796 miljoen geoormerk vir belegging in behuising, paaie, openbare vervoer, water en elektrisiteit.
- 'n Totaal van R121.5 miljard is toegeken vir water en sanitasie. Die Departement van Waterwese en Sanitasie sal voortgaan om te fokus

op die ontwikkeling en rehabilitasie van waterinfrastruktuur en om huishoudings daarby aan te sluit.

- Fokus op sektore wat minder energieintensief en meer arbeidsintensief is soos toerisme, die oseaan-ekonomiese landbou en landbou-verwerking. Die regering sal regulatoriese beperkings wat steeds groei in hierdie sektore belemmer, identifiseer en verwijder. Die gebruik van openbare hulpbronne om ekonomiese aktiwiteit te stimuleer deur die prioritisering van besteding aan aksies wat 'n direkte impak op die ekonomie het.

Fokus op klein besighede, veral besighede wat nuut begin. Die transformasie van die stede na gemengde inkomste buurte waar mense naby aan netwerke, werkgeleenthede en vervoer is. Dit behels ook deurlopende belegging in die instandhouding van infrastruktuur.

Om die momentum van groei te herstel vereis groter vertroue in die oekoms deur alle Suid-Afrikaners. Vinniger groei in privaatbelegging is belangrik vir ekonomiese herstel en werksskepping. Herstrukturering van die ekonomie na 'n vinnig groeiende een behels die skep van wêreldwye mededingende sektore. Die regering is bewus daarvan dat hierdie moeilike proses tyd neem en sal dus fokus op daardie maatreëls wat die ekonomie saat groei en werk skep ■


BESKERMING VAN MAATSKAP- LIKE TOELAES BEGUNSTIGDES TEEN STYGENDE INFLASIE

Die waarde van maatskaplike toelaes sal in 2016/17 verhoog om te verseker dat toelaes tred hou met inflasie.

Verhogings in die Maatskaplike Beskermingsbegroting sal ook voorsiening maak vir 'n styging in die aantal begunstigdes, hoofsaaklik diegene wat die ouderdomspensioenstoelaes en kinderonderhoudstoelaes ontvang. Hierdie toename in begunstigdes is hoofsaaklik as gevolg van beter verskaffing van gesondheidsorg en basiese dienste deur die staat oor die jare - ou mense leef langer en kindersterftes neem af. In 2016/17 sal die ouderdomspensioenstoelae met R90 en die kinderonderhoudstoelae met R20 verhoog word. ■

MAATSKAP-LIKE TOELAES

2015/16	2016/17
STAATSOUDERDOMSPENSIOEN	
R1 415	R1 505
STAATSOUDERDOMSPENSIOEN, OUER AS 75	
R1 435	R1 525
TOELAE VIR OUDSTRYDERS	
R1 435	R1 525
ONGESKIKTHEIDSTOELAE	
R1 415	R1 505
PLEEGSORGTOELAE	
R860	R890
SORGAFHANKLIKHEIDSTOELAE	
R1 415	R1 505
KINDERONDERHOUDSTOELAE	
R330	R350





UITBREIDING VAN TOEGANG TOT NASKOOLSE ONDERWYS EN OPLEIDING

Uitbreiding van toegang tot hoër onderwys bly 'n prioriteit vir die regering ten einde die vaardighede te voorsien wat nodig is om poste te vul en die ekonomie 'n hupstoot te gee.

Die behoefte om die uitdaging van die befondsing van hoër onderwys aan te spreek is na vore gebring na studente-opstande by universiteite landswyd. Ná die aankondiging dat daar geen verhogings in 2016 sal wees

nie, het President Zuma 'n taakspan aangestel om onderzoek in te stel oor hoe die uitdagings aangespreek kan word en moontlike oplossings voor te stel. Die geen verhoging in fooie vir 2016 het 'n R2.3 miljard tekort tot gevolg gehad, wat deur middel van bydraes van die regering en universiteite gefinansier sal word.

Sedert die ontstaan van die Nasionale Studente Finansiële Hulpskema (NSFHS) in 1991, is

1.5 miljoen studente uit arm agtergronde met R50 miljard in lenings en beurse vir universiteit en beroepskolleges, bygestaan. Die NSFHS befondsing sal R32.1 miljard oor die mediumtermyn beloop. Sowat R8 miljard sal huidige onbefondsde nuwe en voortgesette studente ondersteun en R2.5 miljard sal verligting aan 71 753 universiteitstudente bring wat nie in staat was om lenings tussen 2013 tot

2015 te kry nie. Hierdie addisionele befondsing word moontlik gemaak deur die verskuiwing van fondse weg van ander regeringsprogramme sowel as kostebesparingsmaatreëls in die department.

Hoëronderwysinstellings sal subsidies van R93.1 miljard oor die volgende drie jaar ontvang met 'n gedeelte daarvan wat vir die finansiering van infrastruktuur en die bedryf van die nuwe Universiteit van Mpumalanga en Sol Plaatje Universiteit aangewend sal word.

Die Nasionale Vaardighedsfonds en Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SOOO) speel ook 'n belangrike rol in die voorsiening van vaardigheidsontwikkeling en opleiding. Dit word hoofsaaklik gedoen deur vaardigheidsprogramme, leerlingskappe, internskappe en vakleerlingskappe, en venootskappe met beroepskolleges, universiteite en die arbeidsmark, om studente te voorsien van geleenthede om ervaring in die werkplek te kry. Inkomste uit die vaardigheidsontwikkelingsheffing word direk aan die SOOO en die Nasionale Vaardighedsfonds oorgedra, en sal R22 miljard teen 2018/19 bedra. ■

WAAR DIE GELD VANDAAN KOM



Die grootste gedeelte van die geld wat die regering bestee is afkomstig uit die Nasionale Inkomstefonds, hoofsaaklik deur belastings en heffings.

Die regering leen ook van beleggers, sodat skole, hospitale en beter paaie gebou kan word. As gevolg van die wisselvallige ekonomiese groei en belastinginvorderings wat onder

druk kom, het die regering lenings in die afgelope jare verhoog. Net skuld het van R673 miljard in 2009/10 tot R1.8 triljoen tans verhoog.

Die regering is deeglik bewus van die risiko's wat verband hou met opgehopte skuld en verwag gevvolglik van departemente om meer doeltreffend met openbare fondse te werk en vermorsing te verminder. ■

BELASTINGINKOMSTE	2016/17	%
PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING	441.0	37.5
KORPORATIEWE INKOMSTEBELASTING	198.3	16.9
BTW	301.3	25.6
DOEANEBELASTING	54.0	4.6
BRANDSTOFHEFFINGS	64.5	5.5
ANDER	115.7	9.8
TOTAAL	1 174.8	100.0



HOE BEFONDS DIE REGERING MUNISIPALITEITE?

Munisipaliteite speel 'n belangrike rol om te verseker dat mense in behoorlik gediens, skoon en waardige stede en dorpe woon.

Hulle voorsien dienste soos water en sanitasie, elektrisiteit, vullisverwydering, stormwaterbestuur en straatbeligting en subsidieer sommige hiervan, vir die armes. Van die totale begroting, word

9.1 persent aan munisipaliteite toegeken. Hulle ontvang 'n kleiner aandeel omdat hulle self inkomste invorder deur middel van verbruikerskostes, heffings en belastings. Die grootste oordrag is die plaaslike regering billike deel, wat gebaseer is op 'n formule wat verseker dat arm en landelike munisipaliteite groter oordragte ontvang. Munisipaliteite ontvang ook voorwaardelike toelaes, wat infrastruktuurbouwerk befonds. ■

